

Die rol van kreatiewe oorreding teen die ongeloof¹

Bespreking van:

Guinness, Os. 2015. *Fool's Talk: Recovering the Art of Christian Persuasion*. InterVarsity Press, hoofstukke 4-6.

deur Prof. GDS Smit

Inleiding

In sy boek, *Fool's Talk: Recovering the Art of Christian Persuasion* wys Guinness op die kuns wat geïmpliseer word rondom kreatiewe oorredingsvermoë. Hy noem oorreding 'n kuns, en nie 'n wetenskap nie², aangesien die Bybel die mens nie alleen met rasonale feite konfronteer nie, maar met kreatiewe oorreding.

In hoofstukke 4-6 van die genoemde werk word gefokus op die taak van die Christelike apologetiek om die "dwaasheid van Christus" as getuigenis vir die waarheid van die Evangelie aan te wend, die anatomie van die ongeloof en die gebruik van vraag en teenvraag om die logika van die Westerse wêreld te konfronteer in 'n oorredingsmotief.

Die implikasies van die leer oor die kruis

In hoofstuk 4, so lyk dit, begin Guinness om die implikasies van die leerstelling van die kruis vir ons apologetiek te ontsluit. In hierdie hoofstuk sluit hy dan ook nou aan by die titel van die boek, *Fool's Talk*. Hy meen dat die konsensus wat bestaan het in die moderne wêreld oor die wysheid van die kruis het na die Tweede Wêreldoorlog met die mens se totale verlies aan vertrouwe in die moontlikheid om ooit 'n Utopiese samelewing te kan vestig, totaal in duie gestort³.

Guinness besin in diepte oor wat die frase beteken wat ons so maklik uit 1 Kor. 1 aanhaal, maar tog nie altyd so maklik begryp nie: *Die dwaasheid van die kruis*. Om hierdie aspek duideliker aan die orde te stel, fokus hy op drie soorte van dwaasheid waarmee ons in die Bybel te doen kry.

Die eerste tipe kom ooreen met ons basiese verstaan van die woord. Nie alle kulture stem presies ooreen oor wat dwaas is en wat nie, maar daar is een soort dwaas waaroor die Woord van God ons nie in die duister laat nie. Dit is die dwaas wat sê dat daar geen God is nie, die praktiese ateïs wat geen Godsvrees ken nie en wat weier om God in die praktyk te erken. Guinness wys op die interessante verskynsel in Hebreeus dat daar net een letter is wat die verskil maak tussen die woord wat vir dwaas en wat vir edel gebruik word⁴. Soms is dit ook

¹ Referaat voorberei vir die Afrikaanse Protestantse Teologiese Werkgemeenskap in Pretoria, 26 Augustus 2016

² Guinness, p. 33

³ Ibid., p.63

⁴ Ibid., p.66

eers die uitkoms van 'n saak wat wys of iemand edel of dwaas is. Dink maar aan die gelykenis van die ryk dwaas wat dalk aanvanklik deur sy goeie planne vir die toekoms as edel beskou is. Die Psalms en Spreuke is vol van hierdie tipe dwaas wat geen tyd het vir God nie. Ook die apostel Paulus praat in Rom. 1:22 van diegene wat, terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, dwaas geword het. Guinness maak 'n nogal 'n treffende kollektiewe toepassing oor hierdie tipe dwaasheid⁵. Hy stel dat alle mense, of dit nou individueel of as nasies is, noodwendig eindig in een of ander vorm van seksuele, ekonomiese of kulturele dwaasheid as die vrees van die Here, wat die beginsel van die wysheid is, nie teenwoordig is nie. Hierdie tipe dwaasheid help ons nie eintlik in ons apologetiese kommunikasie nie, behalwe om as waarskuwing te dien⁶.

Die tweede tipe dwaas waarmee ons in die Bybel te make kry, help ons al 'n hele ent verder met die tipe apologetiese benadering wat Guinness reken ons moet herwin. Dit is die sogenaamde benoemde dwaas (*folly bearer*)⁷. Dit gaan oor 'n persoon wat nie werklik dwaas is nie, maar bereid is om so behandel te word ter wille van Christus (Vgl. 1 Kor. 4:10). Wanneer Paulus as kranksinnig deur 'n goewerneur afgemaak word, of 'n dwaas genoem word deur sogenaamde elite mense in Korinthe, verdra hy dit. Dit is eenvoudig maar die emosionele en sosiale ekwivalent van fisiese lyding wat hy moes verduur ter wille van Christus. Guinness wys sommer net so terloops daarna dat die huidige moderne spel van die slagoffer-kaart speel, of om jou opponer van een of ander fobie te beskuldig, nie deur Paulus gebruik word nie.

Guinness wys egter daarop dat ons die opperste voorbeeld van die benoemde dwaas natuurlik in die voorbeeld van ons Here Jesus self vind. Dit is die moeite werd dat ons vir 'n oomblik hierby stilstaan en sien hoedat Guinness hierdie perspektief vanuit sy sosiologiese insigte op besondere wyse oopbreek. Hy wys daarop dat Christus voor sy kruisiging as dwaas uitgemaak is voor die hoogste godsdienstige leiers van sy dag (Hoëpriester en Sanhedrin), die verteenwoordigers van die beste wetgewing van die dag (Pilatus), en voor die kragtigste politieke en militêre mag van sy dag (Romeinse soldate)⁸. Ons kan nie hier in detail ingaan op hoe lewendig Guinness die sosiologiese realiteite van die veragting en vernedering wat Christus deur die soldate en godsdienstiges moes ly beskrywe nie, maar net dit sou alreeds 'n goeie rede wees om die boek aan te skaf ten einde die realiteite rondom die kruisgebeure beter te begryp en te verkondig⁹.

Guinness wys verder ook daarop dat Pilatus met die fynste spel van spot besig was deur sy opskrif bokant die kruis dat Christus die Koning van die Jode is. Pilatus spot daardeur met Christus se aanspraak om die Messias te wees, maar hy spot terselfdertyd ook met die Jode oor hulle patetiese hoop op 'n Messias wat hulle ooit van die magtige Romeine sal bevry. Hy bespot met ander woorde in die openbaar en op die allerverskriklikste wyse oor die dwaasheid dat daar hoegenaamd so iets soos 'n egte Messias-verwachting teen kan Rome wees. Natuurlik het die opstanding van Christus dit alles uiteindelik in 'n nuwe lig gestel, maar

⁵ Ibid., p. 67

⁶ Ibid., p. 66-67

⁷ Ibid., p. 72

⁸ Ibid., p. 73

⁹ Lees in dié verband veral pp. 72-78.

ook oor hierdie tweede tipe dwaas meld Guinness dat dit meer help om ons te help besef wat die koste van dissipelskap is as wat dit ons met die hoe van ons oorrëding help. Ook hier gee hy egter aangrypende voorbeelde wat inspireer, maar waarby ons nie nou kan stilstaan nie¹⁰. Dit is by die derde tipe dwaasheid waarby hy veral wil aanhaak met die oog op voortreflike apologetiek: die sogenaamde dwaasmaker of dwaasontbloter (*fool maker*).

Hierdie tipe dwaasheid is bereid om so beskou te word, as is dit nie die werklike toedrag van sake nie. Maar dit is 'n tipe "dwaasheid" wat optree op 'n bepaalde wyse, iets in die lyn van dit wat in die eerste hoofstukke aan die orde gestel is; dat mense daartoe gelei word om ten spyte van hul vooroordele ontbloot voor die waarheid te staan. Dit gaan dus daaroor om deur middel van "dwaasheid" die ballonne van die magtiges te prik en vir die keiser te wys dat hy inderdaad kaal is. Ook hier is God Drie-enig die uitnemende voorbeeld. Guinness stel dit treffend: Indien Jesus die opperste voorbeeld van die benoemde dwaas (*folly bearer*) is, is God die opperste dwaasontbloter (*fool maker*). Hy het die kamma mag en wysheid van die wêreld beskaam en ondergrawe deur die opwekking van Christus uit die dode¹¹. Hy het die wêreld se wysheid deur dwaasheid, en die wêreld se mag deur swakheid beskaam. Soos wat Martin Luther dit gestel het: Die kruis was die duiwel se muisval (slagyster). Die duiwel het kaas geruik en kaplaks, staal gevoel¹².

Aan die hand van Reinhold Niebuhr¹³ wys Guinness daarop dat die werklikheid van mag iemand binne perke kan hou, maar dat slegs opofferende liefde – offerliefde – ons harte oopbreek. Die sonde in ons harte is so groot en dit verhard ons so, dat slegs iets groter as dit van die ander kant ons kan red – bewustelike meedoënlose en volgehoue liefde tot die einde toe, vermom in die absurde magteloosheid, skaamte, pyn, eensaamheid en verskrikking van die kruis. Daar was geen ander weg nie. Dit sou die volle dwaasheid en magteloosheid van die kruis verg om ons terug te bring na God toe.

Guinness wys daarop dat ons uit hierdie derde tipe dwaasheid iets kan leer vir ons apologetiese benadering. Hy reken dat Erasmus die weg van die Reformasie in sy tyd deur middel van so 'n benadering help voorberei het. Deur sy bekende werk, in Engels genoem *In Praise of Folly*, het hy op subtiële wyse mense begin gewys op 'n tipe aantrekklike dwaasheid waarmee die Renaissance-mens gerus meer rekening moes hou. Volgens Guinness was die wysheid van God ook in hierdie werk vermom as dwaasheid en baie het dit ook uit verskillende oorde misverstaan. In werklikheid het Erasmus egter op speelse en selfs humoristiese wyse subtiel bepaalde kategorieë vir die evangelie geskep waarmee die Reformasie later kon werk¹⁴.

Guinness wys in hierdie verband op iets waaroor ons gerus langer kan nadink. Dit is dat humor belangrik is in apologetiek. Waarom? Die rede is dat humor daaroor gaan dat dit inkongruensies kan eien. Dit het 'n oog vir dit wat nie bymekaar pas nie. Juis daarom kan dit dikwels in diens staan van die evangelie omdat die evangelie ook dikwels werk vanuit die

¹⁰ Ek verwys hier veral na pp. 72-78.

¹¹ Guinness, p. 77

¹² Ibid., p. 77 – "*The dynamics of the cross of Jesus are closer to those of comedy than tragedy*".

¹³ Ibid., p. 77

¹⁴ Ibid., p. 74

perspektief van dit wat skynbaar aan die gang is en dit wat God werklik besig is om te doen. Niebuhr het in hierdie verband dan ook daarop gewys dat humor 'n voorloper kan wees tot geloof en dat lag die begin van gebed kan wees¹⁵. As ons net maar weer terugdink aan die geval van Isak in die Bybel, behoort ons waardering te hê vir Niebuhr se treffende woorde.

Beide humor en geloof het dus 'n oog vir die skynbare teenstrydighede van die lewe. Maar, voeg Niebuhr by, lag kan nie aanhou as ware boosheid in die gesig gestaar word nie en dit is hier waar geloof so belangrik word. Maar geloof, so herinner Guinness ons, behou wel bepaalde elemente wat eie is aan humor. Net soos humor is dit in die eerste plek bevrydend en 'n uitdrukking van die vryheid van die menslik gees. Dit trotseer verder ook soos humor die teenstrydighede van die lewe prontuit en kyk dit in die oë, en derdens versoen dit ook met genoegdoening die skynbare teenstrydighede deur middel van 'n genotvolle en kreatiewe ondergraving daarvan¹⁶.

In hierdie verband haal Guinness vir sy leermeester, Peter Berger, aan wat daarop wys dat humor eintlik transendensie in 'n laer toonhoogte is, terwyl geloof transendensie in 'n hoër toonhoogte is¹⁷. Hierdie interessante gedagtes kom uit 'n publikasie van Berger wat baie uitnodigend lyk: *Redeeming Laughter*¹⁸. Berger het 'n baie aantreklike gevolgtrekking wat hy in hierdie werkie maak: "Soms moet ons lag om werklik te kan waarneem." Die rede waarom Guinness so sterk hierop fokus, is dat hy daarvan oortuig is dat die kruis en opstanding van Christus ons daarop wys dat ons ten diepste in 'n komedie, eerder as 'n tragedie leef. Soos Guinness dit treffend stel:

*Die dinamiek van die opstanding en van 'n God wat nie vir baie lank begrawe kan word nie, is die dinamiek van 'n kind se Jack-in-the-box, groot geskrywe, in goue kosmiese letters*¹⁹.

Dit is hierdie insig wat Guinness in bekende Christelike denkers soos Kierkegaard, Chesterton, en Niebuhr en Berger waardeer. Hulle het dit ingesien en op allerhande skitterende wyses aan die orde gestel dat die evangelie die mees hoopvolle en humoristiese siening van die wêreldgeskiedenis moontlik maak. Daarom reken Guinness dat die weg van die dwaasontbloter (*fool maker*) vir ons die motief, die basis sowel as die dinamiek gee om in ons Christelike oorreding ook so op te tree. Die dwaasheid van die kruis is dra dus 'n subversiewe en komediese karakter wat ons nie in ons apologetiese benadering uit die oog moet verloor nie. Kruisgewyse apologetiek beteken dus dat daar 'n definitiewe ondertoon van ondermynende bevryding in ons benadering mag wees²⁰.

¹⁵ Ibid., p.74

¹⁶ Ibid., p. 75

¹⁷ Ibid., p. 78

¹⁸ Berger, Peter, L. 1997. *Redeeming Laughter: The comic dimension of human experience*. Berlyn: Walter de Gruyter.

¹⁹ Guinness, p. 78

²⁰ Ibid., p. 78

Die anatomie van die ongeloof

In hoofstuk vyf gaan Guinness dieper in op wat hy noem die anatomie van ongeloof²¹. Op treffende wyse begin hy deur te verwys na Paul Johnson se bekende werk oor intellektuele. Johnson se gevolgtrekking is dat intellektuele dikwels glad nie so intellektueel is nie. Daar is al baie valshede uitgewys in diegene wat met groot fanfare en skerpsinnigheid betoog het vir die een of ander saak. Guinness staan dus in hierdie hoofstuk weer stil by die effekte van die sondeval, spesifiek op ons rede, maar die waarde van sy werk is dat hy dit op 'n baie konkrete wyse op die tafel plaas. Dit is juis die hoe waarop hy te werk gaan waarvan ons kan leer, maar dit kan nie tot sy reg kom in 'n opsommende beskrywing nie. Deur middel van voorbeelde en Skrifvoorbeelde maak hy vier stellings wat elkeen eintlik self moet gaan lees. Om egter op te som, Guinness maak ons weer baie bewus van wat die ongelowige hart met die waarheid maak²²:

Ongeloof onderdruk die waarheid

Ongeloof misbruik die waarheid

Ongeloof keer die waarheid om

Ongeloof ontken die waarheid tot by die punt van selfmisleiding

Guinness wys op die verskillende metafore wat die Bybel gebruik vir hierdie toestand van die hart: verharding, blindheid, doofheid, onnatuurlikheid, rebellie, leuens, misleiding, en waansinnigheid. As gevolg van hierdie toestand van die mens, moet ons altyd onthou dat ongeloof nooit as bloot teoreties of neutraal of as 'n toevallige wêreldbeskouing hanteer kan word nie. Diepliggend het ons met 'n probleem van die hart te make: *“Die hart van apologetiek is die apologetiek van die hart.”*²³

Wat Guinness egter baie pertinent aantoon, is dat God se werklikheid so onontwykbaar is, dat selfs die moedswillige verdraaiing daarvan nooit volledig konsekwent kan wees nie. In hierdie verband wys hy op kerninsig van een van sy mentors, Francis Schaeffer, 'n insig waarop Schaeffer se hele apologetiek gekarnier het: *“Hoe meer logies 'n ongelowige is met sy eie voorveronderstellings, hoe verder is hy van die werklike wêreld; en hoe nader hy is aan die werklike wêreld, hoe meer inkonsekwent is hy met sy eie voorveronderstellings.”*²⁴

Op grond hiervan onderskei Guinness tussen twee pole in die ongelowige hart²⁵: Die dilemmapool en die vermydingpool. Die dilemmapool gaan daaroor dat ongeloof wat konsekwent is met die eie voorveronderstellings, toenemend ongemaklik raak omdat dit om elke hoek en draai teen die grein moet ingaan van hoe God die wêreld geskape het. Die vermydingpool gaan oor die taktiek van diegene wat nie bereid is om die ongemak te verduur nie, en dan maar kompromieë maak om net gemakliker saam met die grein kan leef. Om dit

²¹ Ibid., p. 79

²² Ibid., p. 92

²³ Ibid., p. 93

²⁴ Ibid., p. 96

²⁵ Ek verwys hier na pp. 96-98

te doen moet ongelowiges egter onvermydelik inkonsekwent met hul eie teorieë raak. Om nie daarmee gekonfronteer te word nie, word daar ontvlugting in allerhande vermydingstaktieke gesoek. Dit is nie moeilik om in te sien dat die meerheid ongelowiges hierdie tweede pool verkies. En juis daarom kan diegene soos Nietzsche wat die harde pad van die dilemmapool verkies het, handig gebruik word om aan te toon wat die konsekwensies is vir die diegene wat bereid is om die volle pad van ongeloof te stap. Dit verklaar ook die verskil tussen verskillende soorte ongelowiges. Guinness wys op die verskil tussen Jean-Paul Sartre en Albert Camus²⁶. Sartre was meer konsekwent en daarom meer koud, terwyl Camus meer inkonsekwent en warm was.

Hierdie verskynsel verklaar ook waarom die makliker pad van inkonsekwentheid so graag gebruik maak van allerhande afleidings. In 'n wêreld vol van tegnologie, besigheid en vermaak, is daar baie middele wat ongelowiges help om nie konsekwent met hulle sienings te wees nie en waarop hulle die lewende God kan probeer vermy. In sulke gevalle moet die tegnologie van ons dag egter gesien word as wapens van massavernietiging. Die rede is dat dit ons vernietig deur ons aandag weg te trek van ons ewige bestemming. Guinness wys daarop dat ons reeds in die Bybel hiermee te doen kry in terme van mensgemaakte leuens, gemaklike leefstyle, valse profesieë, valse godsdiens en afgodery. Al hierdie afleidings is egter uiteindelik nie bevredigend nie en van korte duur. Die ontstellende is egter dat ons van die wieg tot aan die graf met hierdie afleidinge kan besig wees en tesame in 'n gedeelte fiksiewêreld onself kan bluf. Dit is hoe die Bybel die anatomie van ongeloof beskryf. Dit gaan om 'n daad van die wil en 'n gewoonte van gedagte wat gevorm word deur ons keuses wat opborrel uit harte wat fabriek is vir afgode en illusies. Dit is die diagnose, maar uiteindelik moet die apologet soos 'n geneesheer vanaf die diagnose oorgaan tot behandeling en in hierdie geval spesifiek oor hoe ons in so 'n werklikheid oortuigend spreek tot hulle wat nie gelowiges is nie²⁷. Hierop fokus Guinness in hoofstuk ses van sy publikasie.

Oorreed deur die “tafel te draai”

Die fokus op die letterkundige reus, C.S. Lewis, meen Guinness, het dikwels gelei tot die verduistering van die besondere bydrae van Blaise Pascal, Kierkegaard en G.K. Chesterton²⁸. Lewis het self erken dat hy swaar op hierdie reuse se skouers gestaan het, en ons het baie om by hulle te leer. Chesterton was na Guinness se mening die eerste wat die anatomie van ongeloof vasgevat het, toe hy gewys het daarop dat die ongeloof die strategie volg om “die tafel te draai” en hoe die apologet hierdie strategie kan gebruik teen die ongeloof: alle argumente sny na twee kante²⁹. So as die ongelowige wetenskap ernstig opneem, dan is die gevolg dat die ander kant van die saak ook waar kan wees. Guinness meen dat die boodskap van Christus is eenvoudig genoeg vir 'n kind om in te swem en diep genoeg vir 'n olifant om

²⁶ Guinness, p. 98.

²⁷ Ibid., p. 106

²⁸ Ibid., p. 107

²⁹ Ibid., p. 109

in te verdrink³⁰; om dié rede bestaan daar 'n besondere kuns om die prediking verstaanbaar genoeg te maak dat eenvoudiges kan verstaan, diep genoeg dat die olifante kan swem, en nie te diep dat beide verdrink nie: daarom gaan preek en oorrading tradisioneel in die kerk hand-aan-hand³¹. Die beste manier om die relativisme van die post-modernisme aan te spreek is volgens Guinness dan juis om die tafel te draai en te speel tussen kennis en waarheid en in die woorde van Peter Berger “die relativiste te relativeer”³². Relativisme sou vernietigend gewees het as dit waar was, maar dit is altyd inkonsekwent: hulle kul altyd op een-of-ander-maniër. Hulle relativeer ander se beskouinge, maar nooit hulle eie nie (tipiese opmerkings soos: natuurlik sal jy dit so verstaan: jy is ouer, jonger, middelklas blanke ens.)³³. Deur relativiste te relativeer beteken dat jy hulle deur “die tafel te draai”, die negatiewe gevolge van hulle eie “geloof” uitwys. Dit is hoe God met die ongelowige in die Bybel maak: Hy los hulle dikwels oor aan die logika van hulle eie slegte keuses, bv. 1 Sam. 8 in die keuse van die koning vir Israel³⁴.

Of neem die voorbeeld van Elia en die Baälpriesters. Die grootste deel van die volk was draadsitters: hulle het gemeen hulle glo in God. Elia stel hulle voor die keuse: kies God of Baäl, maar sy woorde val op dowe ore. Dit was nodig dat God die valsheid van die profete wys deur die vuur uit die hemel te laat neerdaal. En die reaksie van die volk? Die Here, Hy is God (1 Konings 18:39)³⁵.

Forseer hulle om die logika van hulle voorveronderstellings te besef, was Francis Schaeffer se advies³⁶. Natuurlik besef ongelowiges nie wat waarheid is as hulle leuen ontbloot word nie, maar as hulle wat ontnugter word deur die valsheid van die leuen begin soek na die waarheid, is hulle vatbaar vir die waarheid van die Evangelie!

Logika alleen kan egter nie waarheid bevestig nie, dit word bevestig deur die lewe, met ander woorde deur die voorbeeld van gelowiges in die samelewing. Toe Augustinus na Ambrosius in Milan gereis het om by hom te gaan leer oor die retoriek, het die wyse Ambrosius besef Augustinus het meer nodig as logika, en hy het Augustinus die eenvoudige woorde van sy moeder Monica help verstaan³⁷. Later, erken Augustinus oor sy lewe dat die logika wat Ambrosius hom geleer het om die eenvoud van sy ma se ernstige vermanings te verstaan en uit te leef, die grootste invloed gehad het in die wysheid wat hy opgedoen het³⁸.

³⁰ Guinness gebruik die woord “swem”, maar “verdrink” is dalk beter om die teenpole van die argument uit te druk.

³¹ Ibid., p. 111

³² Ibid., p. 113

³³ Idem

³⁴ Ibid., p. 116

³⁵ Ibid., p. 117

³⁶ Ibid., p. 118

³⁷ Ibid., p. 121

³⁸ Augustinus, *Confessiones*, 3.12

Slotopmerkings:

Almal word nie oortuig deur die waarheid nie, maar almal word gekonfronteer met die waarheid. En wanneer dit gebeur, het hulle die keuse: val op die grond in aanbidding of hardloop. Vir hulle wat op die grond val, word die waarheid van God werklik³⁹. Oor hulle wat hardloop, het C.S. Lewis geskryf⁴⁰: *Hulle stel 'n weergawe van die Christendom voor, wat 'n kind van ses kon uitdink en val dit aan. Wanneer jy verduidelik dat die waarheid van die Christelike leer met kundigheid verstaan kan word, kla hulle dat die Christelike leer te ingewikkeld is, en dat as God waarheid is, hy sekerlik die Christelike leer eenvoudiger sou maak.* Dit is 'n tipiese voorbeeld hoe die heiden altyd “die tafel draai”. Ons as apologete moet 'n beter vermoë ontwikkel om die “tafel te draai”.

Wat mense ookal van God sê (of nie sê nie): of hulle Hom ignoreer, ontken, haat, vloek, of wat ookal; ons weet die waarheid oor hulle – dat hulle na God se beeld geskape is, en dat hulle in die wêreld van God se realiteit leef. So wat ookal hulle glo, ons kan weet daar is elemente van die waarheid in hulle leuen, en ons kan die waarheid benut om die spanning te skep wat later kan opbou tot die ontbloting van die leuen – dit is die taak van die Christelike apologetiek.

³⁹ Guinness, p. 126.

⁴⁰ Aangehaal in Guinness, p. 130. Hier geparafraseer.